

Maak baie seker hy is verdoof . . .

Neldi Faure

Dit verg 'n veearts met leeuemoed om 'n wortelkanaaloperasie op 'n volgroeiende wit leumannetjie van bykans 'n kwart ton uit te voer.

Só 'n wit leumannetjie is gisteroggend buite Pretoria onder narkose geplaas sodat dr. Gerhard Steenkamp, 'n veearts by die Onderstepoort-veeartsenykundige kliniek, sy pyn kon verlig. Die leeu se twee slagande van sowat 14 cm elk is tydens 'n bakleiery afgebreek.

Dié dapper veearts het 'n belangstelling in tande en 'n leeu in sy spreekkamer is nie vir hom 'n vreemde verskynsel nie.

Volgens hom het hy al op sowat sewe leeus, vier tiere, talle jagluiperds en selfs luiperds geopereer. Steenkamp kon die leeu se tande trek of 'n wortelkanaaloperasie doen.

“Dis baie minder traumaties vir die leeu om net wortelkanaalbehandeling te kry,” het Steenkamp gister gesê.

Dr. Brighton Dzikiti, wat die leeu verdoof gehou het, sê dié leeu is “regtig baie groot” en hy het verduidelik hoe hulle die leeu eers moes verdoof voordat hy onder narkose gesit is.

Hy wou nie bekendmaak van waar die leeu is nie.

Die operasie het sowat vier uur geduur en nuuskierige studente het gereeld by die operasiekamer ingeloer om na die dier te kyk.

Volgens mnr. Chris van Blerk, hoof van bemaking en kommunikasie by die fakulteit vir veeartsenykunde by Onderstepoort, vind die studente ook baat uit die ondervinding deur die operasie waar te neem.

Steenkamp het gesê die leeu sal van môre af weer sy normale dieet (sowat 35 kg vleis per week) kan volg.

) Vandeemaand is nasionale tandheelkundemaand vir diere.